Goudveld-Hoërskool

STIGTINGSDATUM: 1967
LEUSE: STREEF, WERK, OORWIN.
ADRES: LONGWEG, WELKOM
WWW.GOUTIES.CO.ZA

Skoolgeskiedenis

Goudveld-Hoërskool is op 3 Maart 1967 as 'n gemengde Afrikaans-mediumskool gestig. Die skool het vinnig gegroei en het tans 'n leerlingtal van sowat 940, met 80 koshuisgangers. Die kleure is koningsblou, wit, goud en ligblou.

Rugby by Gouties

Goudveld, wat suksesvol in die taai Noord-Vrystaatse Liga meeding, het tien rugbyspanne. Die eerste span het die Liga in 1964, 1968, 1969, 1974 en 1980 gewen. Die sestigs en sewentigs was moontlik Goudveld se goue jare – die dae van uitmuntende breiers soos Frans Kok en spelers soos Boyce Harris. Die skool se belangrikste opponente is Hentie Cilliers van Virginia, Wessel Maree van Odendaalsrus, die Rooiskool en die Blouskool van Kroonstad en, bowenal, Welkom-Gimnasium. Die Gimmies het oor die jare die oorhand gehad, maar in 1999 het Goudveld Gim met 25-13 verslaan, en daarmee 'n droogte gebreek wat van 1987 gestrek het. Die mees onlangse oorwinning was in 2004, toe Goudveld met 15-12 gewen het. Dit bly 'n strawwe jaarlikse kragmeting wat goeie rugby oplewer en geesdriftige skares lok.

Tradisies

Gedurende die aanloop tot die Derby teen Welkom-Gimnasium word 'n fakkelloop gehou om die vyand uit te wys.

Vir nog groter effek en spanbou word 'n 1ste span trui van Welkom Gim deur Goudveld se 1ste span versnipper. Die stukkies word dan aan die leerlinge gegee om aan hul uniform vas te speld as simbool van die oorwinning wat hulle te wagte is.



"Die derby teen Welkom Gim herinner aan 'n intervarsity-wedstryd. Om die Gimmies vir die eerste keer in 1964 te klop, was onvergeetlik. Soos vandag het die hele dorp opgedaag, en daardie vroeë, strawwe derbies het 'n heuglike jaarlikse derby ingelui wat vandag steeds in dieselfde goeie gees voortgesit word."

— Hennie Bester (1966)

"Goeie rugby en sukses hang gewoonlik van goeie breiers af, en Goudstad het nog altyd goeie breiers met hope ervaring gehad. Ek was gelukkig om afgerig te word deur topmanne soos Martin Oosthuizen en Bones Benecke."

— Japie Nel (1999-2000)

"Goudveld was nie 'n krieket- en swemskool toe ek daar was nie; rugby en atletiek was al wat getel het. Dit het die grondslag vir my rugbytoekoms gelê, en my die geleentheid gebied om een van die eerste Suid-Afrikaners te word wat oorsee sou speel – vir die Universiteit van Rome. Omdat Welkom-rugby nie in 'n groot sentrum is nie, word sy spelers moeiliker raakgesien en moet hulle harder probeer om gekies te word. Ek dink Goudveld het ondanks sy omstandighede besonder goed gevaar."

— Kallie Joubert (1970)

"Ek was lid van 'n span wat ons vyand Welkom-Gimnasium vir die eerste keer in twaalf jaar geklop het. Dit was werklik 'n emosionele gedoe; party van ons het selfs gehuil! Elke derby het sy unieke geskiedenis, maar met twee skole so naby aan mekaar in 'n betreklik klein plekkie soos Welkom, en wat vir leerlinge en rugbyprestige meeding, is dit geen wonder dat dit so 'n groot derby is nie."

— Jaco Louw (1999)